Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 14, Nr 4, 1984. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# War Heroes/Krygshelde
# LT-KDR. D.A. HALL, DIE GROOTHARTIGE SKIPPER

**W. Kroukamp***


**This article recalls the part lieutenant-commander D.A. "Stoker" Hall, one of the South African naval heroes of World War II, and his last command, the fregate *Natal,* has played in the Battle of the Atlantic. *Natal* was one of the two South African warships that sank enemy submarines – and Lt Cmdr Hall was the only South African Naval Commander to destroy a German U-boat.**

'n Ysige wind waai oor die Noordsee. 'n Fregat probeer sy weg baan deur die stormagtige see. Dit is sy proefvaart vanaf Newcastle-on-Tyne, waar dit gebou is, na Scapa Flow. Op die brug probeer die 35-jarige lt kdr David "Stoker" Hall, die gevoel van die nuwe fregat kry. Hoewel hy voorheen al bevelvoerder van 'n skip was, moet hy gewoond raak aan die beweging van die fregat onder hom.

Ingedagte tuur hy oor die onstuimige see uit en dink terug aan die gebeure van die afgelope ses jaar sedert die Tweede Wêreldoorlog uitgebreek het. 'n Noodsein ruk hom terug na die hede: die fregat word dringend benodig by die toneel van 'n torpedo-aanval naby St. Abb's Head.

Latere jare sou lt kdr Hall onthou word as die enigste Suid-Afrikaanse vlootbevelvoerder wat gedurende die Tweede Wêreldoorlog 'n Duitse duikboot gekelder het.

David Alfred Hall is op 14 April 1910 in Pietersburg gebore. Hy ontvang sy vlootopleiding op die opleidingskip, *Generaal Botha* en sluit in 1932 by die handelsvloot aan. Op 6 September



***Die enigste SA Vloot bevelvoerder wat 'n Duitse duikboot in die Tweede Wêreldoorlog gekelder het, Lt kmdr D.A. Hall (voor in die middel). (771004646)***

1939 tree Suid-Afrika toe tot die Tweede Wêreldoorlog. Dit oorreed David Hall om op 3 Mei 1940 as vrywilliger by die Suid-Afrikaanse Seemag aan te sluit.

Hy word later aangestel as senior offisier van 'n groep vaartuie van die SA Seemag wat konvooie vanaf Durban na Kilindini en Mombassa in Oos-Afrika, begelei.

'n Krisistyd word beleef met Italië se toetrede tot die oorlog in Junie 1940. Die Italianers val Eritrea en Somaliland binne en agt duikbote word langs die kus gestasioneer. Dit het beteken dat die noordelike voorraadroete na Libië, wat die enigste weg was om voorrade van die Geallieerde Magte se garnisoene te kry, beskerm moes word.

Dit noodsaak die Britse Admiraliteit om die Suid-Afrikaanse regering te nader: duikbootjagpatrollievaartuie word dringend in die Middellandse See benodig.


Lt David Hall word as bevelvoerder aangestel van die duikbootjagvaartuig, *H.M.S.A.S. Southern Maid* en verlaat in Desember 1940 saam met 'n "Spesiale Flottielje" die Durbanse hawe.

Die volgende paar maande kwyt lt Hall en sy bemanning hulle goed van hul taak deur suksesvol verskeie konvooie tussen Alexandrië en Tobruk te begelei.

Afgesien van die voortdurende gevaar van drywende myne, was die *Southern Maid* byna die hele tyd aan artillerievuur of duikbomwerperaanvalle blootgestel. Die Duitsers en Italianers het hewige pogings aangewend om die konvooie met voorrade onderweg na die garnisoene in die beleerde Tobruk, voor te keer en te vernietig.

Vroeg Saterdagoggend, 24 Mei 1941, nader 'n klein konvooi bestaande uit die *Southern Maid*; die sloep *H.M.S. Grimsby* en die 3 400 ton tenkskip, *S.S. Helka*, die hawe van Tobruk. 'n Hewige sandstorm woed langs die kus wat veroorsaak dat hulle nie die hawe-ingang kan vind nie. Lt Hall word beveel om die volgende dag weer te probeer.

Om 13h40 die volgende dag nader die konvooi weer Tobruk. Skielik duik vyf duikbomwerpers op 7 000 voet op die konvooi af – met *S.S. Helka*



***Die duikbootjagvaartuig, H.M.S.A.S. Southern Maid.***

as hulle hoofteiken. Waar die *Southern Maid* sewe kabellengtes voor die konvooi vaar, word sy die ergste met masjiengeweervuur bestook. Hoewel verskeie bomme naby *Helka* en *Grimsby* ontplof het, is geen skade aan die konvooi aangerig nie.

Twee ure later word die konvooi 'n tweede keer deur 'n aantal vliegtuie onder begeleiding van vegvliegtuie aangeval. Die Britse Admiraliteit se Amptelike Verslag het die aanval as volg weergegee: *"H.M.S.A.S. Southern Maid* was now in the midst of it all, but zig-zagging at full speed across the bow of the convoy and keeping up a continuous fire from every gun she possessed, she drew the attackers off on to herself. Several enemy planes were hit and one was seen to crash, but *S.S. Helka* had been hit by two bombs forward of her bridge and split in two. *H.M.S. Grimsby* also received serious damage developing a dangerous list to port, but she too, had shot down two of the enemy. During the 20 minutes of battle, *H.M.S.A.S. Southern Maid* had expended 1 750 rounds of ammunition thus testifying her stubborness and courage against severe odds."

Nà die aanval gestaak is, het *Southern Maid* die sinkende *S.S. Helka* te hulp gesnel en 160 oorlewendes aan boord geneem van wie 11 gewond was. Die *Southern Maid* het met die swaar gelaaide vrag in volle vaart na Mersa Matruh vertrek.

Ondanks die bomenslike spanning waaraan lt Hall en sy bemanning blootgestel was, is die *Southern Maid* vier dae later weer op die see uitgestuur. Die skip moes die tenkskip, *S.S. Pass of Balmaha,* vanaf Alexandrië na Tobruk begelei.

Omtrent 45 myl van Tobruk af word die *Southern Maid* deur vier Messerschmitt 109's aangeval. Die dekke van die skip is veral met geweervuur bestook, maar lt Hall se bemanning het kopgehou en die aanval met volgehoue geweervuur van die dek af beantwoord. Een Breda-grenaat het by die voorste vliegtuig ontplof en dit in die see afgebring.

Vier man aan boord die *Southern Maid* is gewond van wie een noodlottig, maar die konvooi het Tobruk veilig bereik waar die 750 ton petrol by die garnisoen afgelaai is.

Op 9 September 1941 verskyn die aankondiging van die toekenning van die *Distinguished Service Cross* aan lt D.A. Hall in die London Gazette: "For Courage, Resolution and Devotion to Duty in the face of enemy air attacks . . ."

Nà 'n welverdiende rus, keer lt Hall terug na aktiewe diens om konvooie tussen Engeland en die Midde-Ooste te begelei.

Op 14 Maart 1945 ontvang lt kdr Hall, bevelvoerder van die fregat *H.M.S.A.S. Natal*, 'n radioboodskap dat 'n torpedoaanval op 'n koopvaardyskip nie ver van Natal se koers af nie, gedoen is. Lt kdr Hall het onmiddellik die *Natal*, wat op haar proefvaart is, van koers laat verander.

Hulle is beveel om na 'n duikboot te soek en lt kdr Hall het skaars met die normale prodedure begin toe 'n eggo op die sonar ontvang is. Die groot blou "duikboot kontak"-vlag is op die brug gehys. Die *Natal* het nader beweeg en gereed gemaak om tot aanval oor te gaan.


Binne sekondes was die diepteladingspan onder o/lt J.D. Moir in aksie. Soos die watersuile die lug ingeskiet het, het 'n oliekol begin versprei, gevolg deur silindriese tenks. Weer is aanraking verkry en 'n tweede groep diepteladings is 27 minute later afgevuur. Verdere olie en wrakstukke het op die oppervlakte verskyn.

Maar daar is geen teken van die U-boot nie. Hulle het kontak verloor. Die *Natal* het tot sononder die gebied gepatrolleer, maar die soektog laat vaar. 'n Silindriese tenk en 'n oliemonster is as bewysstukke saamgeneem.

'n Volledige verslag is aan die Admiraliteit gestuur, asook bewysstukke wat die deskundiges kon ondersoek. 'n Paar dae later ontvang hulle 'n sein van die Admiraliteit: die wrakstuk is as 'n belangrike stuk duikboottoerusting geëien. Dit het ook bevestig dat 'n Duitse duikboot, U-766 vernietig is.

Na *Natal* die gebied verlaat het, is lyke en wrakstukke van die gekelderde duikboot gevind. 'n Klein blou handgegraveerde wapenskild, waarop 'n goue U-boot met die nommer U-766 geverf is, is ook tussen die wrakstukke ontdek. Dié bewysstuk is aan lt kdr Hall gestuur.

Eers later het die werklike aard van *Natal* se prestasie aan die lig gekom – die enigste keldering van 'n vyandelike boot op rekord deur 'n oorlogskip wat nog op proefvaart was.




***Die bemanning van die fregat, H.M.S.A.S. Natal.***

Lt kdr Hall is daarna na die Verre Ooste waar die *H.M.S.A.S. Natal* geleidewerk tussen Singapoer en Port Swettenham gedoen het.

Die *Natal* het op 30 Desember 1945 na Durban teruggekeer en gehelp om verdedigingsmagmanne uit Egipte te repatrieer. Lt kdr Hall ontvang ook 'n balkie by die DSC wat in 1941 aan hom toegeken is.

Na die oorlog is "Stoker" Hall gekies om die Suid-Afrikaanse Afdeling van die Koninklike Mariene Vrywilliger Reserwe te verteenwoordig by die kroning van Koningin Elizabeth II in 1953. Daar ontvang hy die 1953 Coronation Medal.

Met lt kdr Hall se afsterwe op 19 September 1958 in Kaapstad, het die destydse bemanning van die *H.M.S.A.S. Natal*, die winderige dag in Maart 1945 op die Noordsee herleef toe 'n hoofstuk van die Suid-Afrikaanse Vlootgeskiedenis in die *Natal* se skeepsjoernaal geskryf is. Die groothartige kaptein sou onthou word as een van die kenmerkende bevelvoerders van die vloot van "klein skepies" waarop die fondament van die SA Vloot vandag gebou is.

* Mej. W. Kroukamp, Nas. Dipl. in Joernalistiek, is verbonde aan die Militêre Informasieburo van die SAW.

**Bibliografie**

GOOSEN, J.C. Kdoor, Ons Vloot – Die Eerste Vyftig jaar, p. 48–57.
MARTIN, H.J & ORPEN, Neil, South Africa at War II, Vol. 7, p. 336–337.
SA VLOOTMUSEA, Kaapstad, S.A. Numismatic Society Newsletter, Kelly, H.K., Lt cmdr D.A. Hall, DSC & Bar, South African Naval Forces V.
SAW Argief.